# Woer War

Jaargang: 1985 + 40 | Uitgawe 3 | 23 September 2024

## Geld wat stom is...........

**Johan Grobler (Grobbies)**

In 2014 het ek die ondervinding gehad om saam met met die WP Skolekrieketspan na Indië te reis en behalwe om ons spelers te ondersteun, kon ek ook ‘n indruk van hierdie baie unieke land kry. Dit is bekend as een van die oudste georganiseerde samelewings in die wêreld en spog deesdae met die grootste bevolking van meer as ‘n miljard inwoners.

Soos ons eie land is Indië ook ‘n land van groot teenstellings en die ongelooflik sistemiese armoede het my asem weggeslaan. Ek het vir die eerste keer in my lewe poedelnakende mense by verkeersligte sien bedel. Hierdie mense is van alle vorme van menswaardigheid ontneem en het letterlik nie ‘n draad klere of enige besitting wat hulle hul eie kan noem of waarmee hulle kan probeer oorleef nie. Hierdie mense praat glad nie en is totaal afhanklik van weldoeners, wat in ‘n stad soos Delhi redelik skaars is. Vroeg in die oggend is daar ‘n vragmotor wat die strate patrolleer om die dooies te verwyder wat onseremonieel op die sypaaidjie geplaas word.

Hierdie skokkende gewaarwordinge het my baie diep laat dink aan ons soms ondankbare uitkyk op onsself en ons samelewing. Baie mense vermy kontak met ander omdat hulle skaam is, self as hulle baie normale lewens lei. Ander meer vermoëndes vermy die minder gegoedes soos die pes omdat ek vermoed dat baie met skuldgevoelens gekonfronteer word wat hulle nie weet hoe om te hanteer nie.

Ek het op ‘n keer vir my mees onmaterialistiese vriend gevra wat die een ding is wat hy moed hê. Hy het na drie weke van oordenking genoem dat die belangrikste ding in die lewe ‘n goeie paar skoene is, want daarsonder is beweging moeilik en oorlewing en werk raak baie meer gekompliseerd. Dit het my laat dink oor hoe dankbaar ‘n nakende bedelaar in New Delhi ‘n goeie stel vellies sal waardeer.

Die meeste van ons was soos Matthys Roets dit verwoord : “deel van die middelklas” en hoewel baie dit nie breed gehad het nie, dat min gebrek gelei het. Die punt is dat ons baie het om voor dankbaar te wees. Daar is immers meer wat ons as mense definieer as ‘n balanstaat. Daar is niks verkeerd met ‘n sterk belansstaat nie, maar ‘n meer beknopte en “ligter” balanstaat is ook nie rede vir minderwaardigheid nie.

Onlang luister ek na die Griekse sangeres Nana Mouskouri se liedjie, Three Bells, wat in kort ons karige bestaan op aarde op ‘n besonderse wyse illustreer. Dit vertel in 4 minute die klokke van die kerk wat drie keer gelui het in die lewe van ene Jimmy Brown: Met sy geboorte en doop, die dag toe hy getroud is met sy “sweetheart” en die derde en laaste keer, op ‘n reënerige oggend met sy begrafnis.



Ekonomiese teenstellings van New Delhi

Die punt van my my gewaarwordinge is dat die lewe te kort is om ons oor geld alleen te verknies. Daar is baie meer om te waardeer en baie meer om voor dankbaar te wees as die stand van jou balansstaat.

Oor ‘n paar weke kom party van in Pretoria bymekaar om te lag en skerts oor ons gedeelde verlede aan die Hoërskool Verwoerdburg. Ek hoop van harte dat almal van ons die spreekwoordelike balansstaat tuis sal laat en met openhartigheid die maters van ons jeug sal geniet net vir wat hulle is!

As jy skuldig voel oor iets is daar heelwat opsies beskikbaar. Elkeen se lewenspad, filosofie en gewete is sekerlik sy eie en nie afhanklik van enige iemand anders nie.

Soos die Engelse sê: “See you all bright eyed and bushy-tailed on Saturday, 27 September”

BEMAGTIG ‘N KIND
’n Inisiatief deur Helpende Hand en Maroela Media
Help ons om ander te help groei

HOËRSKOOL CENTURION

WOERIE-OMGEE